



## Ons vermeerder God se vreugde!

Reisbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap  
Geskrif deur Johannes Nortier

17 Maart 2022

### Gedagte vir die week:

Society says: Do and compete. Jesus says: Be and be complete.

### Vertrekpunt:

Handelinge 5:17-42

### Meditasie uit die Woord:

Wanneer my waarheid belangriker word as dié waarheid mag ek dalk 'n baie lelike mens word in my poging om my waarheid die enigste waarheid te maak. Dit is wat hier in Handeling 5 gebeur met die Sadduseërs en die Joodse Raad. Hulle raak lelik. Hulle raak kwaad. Hulle raak eksklusief. Hulle raak gewelddadig. En hulle raak só teenoor mense wat geen fisiese bedreiging vir hulle inhou nie. Hierdie ander mense dink net anders, glo net anders en lewe net nuut. Genadiglik is daar een man, Gamaliël, wat met 'n oop kop lewe. Hy glo dat 'n mens nie voortydig oordele moet uitspreek en mense en nuwe gedagtes moet diskwalifiseer nie. Hy weet dat mense se verstaan van die lewe is baie beperk en daarom is ons oordele nie baie betroubaar nie. Omdat hy oopkop is kan hy met wysheid leiding gee. Sy diepste wysheid is dat 'n mens nie bang moet wees vir mense se planne nie, want dit sal altyd iewers vasloop. Sy diepste wysheid is dat 'n mens met tyd sal sien of die planne van mense is en of dit van God is. Sy diepste wysheid is dat 'n mens nooit God kan keer nie. Vra maar vir Herodes! Jy kan God nie keer nie. En sonder dat Gamaliël dit dalk destyds geweet het, word hy deur God gebruik om mee te werk daaraan dat ons vandag nog, 2000 jaar later, met "die volle boodskap van hierdie nuwe lewe" (Hand 5:20) besig is. En ek het die vermoede dat die tronkwagte ook deel van die proses was ... ek vermoed hulle was die "Engel van die Here" wat in die nag die apostels se seldeure oopgesluit het. Skielik dink ek aan myself as 'n klein agent van die onkeerbare God. Nogal 'n verfrissende self-verstaan!

### Reisgesprek en Youtube-skakel:

**Op Sondagoggend 20 Maart 2022 om 09:30** hou ons 'n reisgesprek **in die kerkgebou**. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/5kMQ78EXHpk>

### Meditasie uit die Lewe:

Ons gesels tans in ons leiersgroep oor die gemeente se indentiteit. Dit is 'n dinamiese gesprek en jy mag daaraan deelneem deur te reageer via enige kanaal van jou keuse. Hier is die volgende gedeelte:

Geld	Ons glo dat hoe ons oor geld praat, en hoe ons fondse verkry, iets sê van hoe ons oor God dink. Ons wil nie die idee skep dat ons kinders van 'n Bedelaarvader is nie. Ons glo dat ons die gemeente in stand wil en kan hou met ons materiële dankbewyse (nie: offers) wat ons gee vanuit ons daaglikse werk. As ons die gemeente nie só in stand kan hou nie, moet ons nie meer bestaan nie. Ons gaan nie op kermisse, basaars en insamelings staatmaak om tekorte aan te vul nie. Ons gaan ook nie kollekteer van huis/lidmaat tot huis/lidmaat nie. Ons hou nie boek van wie gee wat nie, want ons leef nie vanuit 'n skuldbeginsel nie. Ons verwag niks en ontvang net dankbaar wat ons kry uit die gesonde harte en deur die goeie gesindhede van lede van die gemeente. Ons sal nooit toelaat dat enige werknemer die gemeente misbruik vir onredelike en onetiese selfverryking nie. Ons hou behoorlik boek van inkomste en uitgawe en ons state word jaarliks geoudit deur onafhanklike ouditeure volgens die wette van ons land. Ons finansies word vlg 'n goedgekeurde begroting, en met deursigtigheid vir die hele gemeente, bestuur.
------	---

### Aantekeninge

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrieff" na [ngkagterpaarl@telkomsa.net](mailto:ngkagterpaarl@telkomsa.net) of [nortierjohannes6@gmail.com](mailto:nortierjohannes6@gmail.com)**